Aug. 2025

TOLBOS

Amptelike mondstuk van die Genootskap vir die Handhawing van Afrikaans

Slyp daai beiteltjie: AFRIKAANS

Die embleem AFRIKAANS150 is spesiaal ontwerp om nie net die 100 jaar van die amptelike status van Afrikaans te vier nie, maar ook die stigting van die GRA 150 jaar gelede in die Paarl toe agt man onder leiding van ds. SJ du Toit die vergadering gehou het om te praat oor die vertaling van die Bybel in Afrikaans.

Simboliek van dié besondere embleem:
Die sirkel in die embleem het diep betekenis, want dit verteenwoordig ewigdurendheid soos die son wat ewig skyn. Ook die wiel van die ossewa waarmee die Afrikaner/Boer die binneland ingetrek het. Dit simboliseer op sy beurt vooruitgang.

Die fakkel verteenwoordig die lig van die beskawing en vooruitgang wat die Afrikaner/Boer na donker Afrika gebring het. Ook die Lig van die Lewe.

Die lourierkrans verteenwoordig oorwinning!

Die embleem is ontwerp deur die grfiese ontwerper, Hilde Kruger van Pretoria.

TROTS AFRIKAANS word op 15 Augustus 2025 landwyd bekendgestel.

TOLBOS se splinternuwe lied, ***Trots Afrikaans***, is geskryf deur **Drienie Joubert-Kelly**, en die toonsetting en produksie is behartig deur **Jade Storm** van *Storm Music Productions*.

Hierdie popliedjie, spesiaal in opdrag van die GHA geskryf, is die trotse vlagskip vir die viering van Afrikaans se 100-jarige bestaan. Mag dit vir elkeen wat lief is vir die taal ’n riem onder die hart wees, sê Norman Halder.

Drienie Kelly, soos ons almal haar by die GHA ken, was bekroon as die algehele wenner in die 2022-GHA Digkompetisie.

Drienie het ook ’n aantal liedjies geskryf vir bekende sangkunstenaars soos Jennifer Zamudio, Jaycee Crause en Steve Ashley.

Dr. Danie Langner skryf op sy Facebookmuur ...

Dr. Danie Langner aan die woord

Die GHA het met die flink reëlings van André Alkema Sondag 'n erediens in die Krugerkerk gehou om Afrikaans se 100 jaar te vier. Ek is so dankbaar dat die week waarin Afrikaans se 100 jaar gevier word begin is deur 'n erediens. Na 'n uitstekende preek deur ds. Stavast en pragtige sangitems deur Coert Grobbelaar en ander sangers en kore, moes ek 'n toespraak hou oor die belangrikheid van 'n Afrikaanse Bybel.

"Godswoord in eie taal – 'n Pleidooi vir 'n Afrikaanse Bybel"

Konteks: 'n toespraak gehou by die Genootskap van Regte Afrikaners se strategiese beplanning en jaareindfunksie in November 1875 te Dal Josafat naby die Paarl. Dit was 'n dag vol strategiese beplanning om Afrikaans as taal te vestig. Inspirerende sprekers soos CP Hoogenhout, Arnoldus Pannevis en die jong dominee SJ du Toit het die gehoor begeester met hulle toekomsplanne vir 'n Afrikaanse koerant, boeke en gedigte. Aan die einde van die dag moes 'n arme ouderling van die Toringkerk 'n samevatting van die pad vorentoe gee:

"Eerbare vriende, broeders en susters in Christus,

Ek weet Dal Josafat se braaivleisvure brand reeds vrolik en dat vaatjies vol van die Kaap se gewildste wingerdvrug op aandag staan om die gebeurtenisvolle jaar te vier waarin ons Genootskap van Regte Afrikaners gestig is.

Voordat ons heildronke op die nuwe taal drink en die kole onder die gewig van springbok en beeshaas smoor, vergun my asseblief 'n paar minute om nogeens ons geslag se belangrikste taak te beklemtoon."

Ek staan vanaand voor u nie as 'n geleerde nie, ook nie as 'n staatsman, dominee of onderwyser nie, maar as 'n gewone Afrikaner wat die Here wil dien, vir sy gesin wil sorg en elke dag deur harde arbeid 'n verskil in my gemeenskap probeer maak.

My vraag vanmiddag aan u is: Hoekom het ons 'n Afrikaanse Bybel nodig? Of om dit anders te stel, hoekom is 'n Afrikaanse Bybel belangriker as 'n Afrikaanse koerant, boek of digbundel?

Ons soek nie 'n Afrikaanse Bybel omdat ons die Woord wil verander nie. Ook nie omdat ons die geleerdheid van Latyn, Engels of Nederlands minag nie.

Ons sug na 'n Bybel in Afrikaans omdat ons glo dat die Here self met elke volk in hulle eie taal wil spreek. En omdat ons weet: 'n volk leef eers werklik wanneer hy God se Woord in sy eie moedertaal kan hoor, verstaan en aanbid.

Toe die Heilige Gees op Pinksterdag uitgestort is, het die mense die apostels in hulle eie tale hoor spreek – nie net in Hebreeus, Aramees of Grieks nie, maar ook in die tale van Elamiete, Partiërs en Kretense. Is dit nie 'n bevestiging dat God se Woord nie aan een taal of volk behoort nie? Dat elke volk geroep is om Hom in sy eie hartstaal te aanbid?

Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Nadat die Here opgevaar het, het die Gees en Woord in mensetale onder ons kom woon. Waarom dan, liewe vriende, moet ons kinders en kleinkinders die Bybel in vreemde tale lees, terwyl God self deur Sy Gees vir alle volke, nasies en mense die ruimte geskep het om in hulle hartstaal tot Sy eer te bid, te sing en die Woord te lees?

Die Bybel is nie net 'n boek nie – dis 'n grondslag van identiteit!

'n Afrikaanse Bybel beteken meer as net vertaalde woorde. Dit is die bevestiging dat ons taal waardig is. Dat óns waardig is. Dat Afrikaans nie net 'n kombuistaal is nie, maar 'n draer van waarheid, openbaring, heiligheid. Wanneer ons die Woord in Afrikaans lees, sê dit vir ons kinders: "Julle taal is goed genoeg vir God self."

Sonder 'n Bybel is Afrikaans altyd afhanklik, altyd tweedehands, altyd ondergeskik. Met 'n Bybel in eie taal begin 'n taal regop staan.

Ons mense praat Afrikaans. Op die stoep, op die plaas, in die huis. Dit leef reeds, maar sonder erkenning. Sonder vorm. Sonder lig. En wat anders as die Bybel – die lamp vir die voet en die lig vir die pad – kan die hart en vorm van ons taal wees?

Dr. Danie Langner skryf op sy Facebookmuur ... (vervolg)

Vriende, in elke volk se geskiedenis – die Duitsers, die Nederlanders, die Engelse – was daar 'n oomblik toe die Woord van God hulle taal geheilig het. Die King James Bybel het Engels gevorm, die Lutherse Bybel het Duits gevorm; die Statenvertaling het Nederlands as taal gevorm. Wat is ons dan vandag, as ons nog nie die moed het om dieselfde pad te loop nie?

Indien ons nie nou begin met die voorbereiding van 'n Afrikaanse Bybel nie, sal ons nooit 'n eie geestelike kern ontwikkel nie. Dit is nie net kultuur, tradisie, geskiedenis of skole wat 'n volk bind nie – dit is die hartstaal van die huisgeloof, van die nagmaalstafel, van die opregte gebed met God se Woord as fondament van alles.

Natuurlik weet ons 'n bybel in Afrikaans sal nie net 'n godsdienstige daad wees nie – dit sal 'n daad van kultuurbou, taalbou en identiteitsbevestiging wees. 'n Skans teen verengelsing. 'n Monument van geloof én van identiteit.

Die werk moet begin – nie eers wanneer ons gereed is nie, maar nou!

Ons hoef nie te wag vir volmaakte grammatika of gesag nie. Ons het moed nodig. Ons het mans en vroue nodig wat glo dat Afrikaans – hierdie jong, eenvoudige, suiwer taal – goed genoeg is om God se Woord te dra.

Kom ons begin met Psalms. Kom ons begin met die Evangelies. Laat dit uit die volksmond groei. Laat dit uit huisgodsdiens opklim tot op die kansels van ons kerke.

Ek vra nie vandag vir 'n vertaling net vir my geslag nie. Ek vra vir die kind wat vanaand onder 'n karos gaan slaap met 'n kindergebed op sy lippe. Vir die kinders wat eendag wil glo sonder 'n taalversperring. Vir die man wat sterf op Suid-Afrika se slagvelde en die 23ste Psalm in sy eie taal wil hoor – "Die Here is my herder, niks sal my ontbreek nie".

Sommige van u vra wat as die nageslag die geskenk van 'n Bybel in eie taal uit God se hand verwerp?

Wat as die kinders en kleinkinders nie die Godsgeskenk van 'n Bybel in eie taal verruil vir 'n ander taal?

Wat as 'n Bybel in eie taal eendag so vanselfsprekend word dat dit nie meer as 'n kosbare Godsgeskenk op kansels, klaskamers en om die kombuistafel gekoester en versorg word nie?

Gelukkig, dames en here, hoef ons nie in 1875 hierdie vrae te antwoord nie. Diegene wat dit die beste gaan antwoord is ons kinders en kleinkinders. Dit is 'n saak tussen hulle en God.

Vir nou, laat ons nie huiwer nie.

Laat ons begin werk aan die droom van Godswoord in Afrikaans.

Nie net vir ons taal se eer nie, maar vir God se eer in ons taal.

(Geskryf deur dr. Danie Langner)

GHA-POPLIEDJIEKOMPETIESE

Op 16 Desember 1967 is 'n Afrikaanse rolprent met die titel, ***Hoor my lied*** in Suid-Afrika, met die regisseur Elmo de Witt vrygestel. Gé Korsten, ons eie tenoor-ikoon, was in die hoofrol. Steeds weerklink sy stem in ons ore: "Hoor my lied", skryf Norman Halder.

'n Liedjie of liriek is juis woorde wat persoonlike gevoelens weergee. Daarom, wanneer jy deelneem aan die GHA-Popliedjiekompetisie, sorg dat daar in die woorde 'n mate van ritme of polsslag aangevoel kan word. Die gedig en die woorde moet 'n aangename kombinasie kan vorm.

Vergewis jou van die kenmerke van 'n liriek ... en ... begin skryf! Onthou dat dit bedoel is vir die 100ste viering van Afrikaans as amptelike taal. Wie weet, dalk kom jy met 'n spiksplinternuwe volkswysie te voorskyn?

KOMPETISIEBESONDERHEDE:

Prysgeld is R20 000 en sluitingsdatum Sondag, 7 September 2025 om middernag.

Inskrywingsgeld: R200 per persoon - vir 'n maksimum van twee lirieke-inskrywings.

1. Alle inskrywings moet nuwe en oorspronklike lirieke wees.
2. Die lirieke moet deur die deelnemer self geskryf wees.
3. Geen duplisering van enige ander gepubliseerde lirieke/teks mag gebruik word nie.
4. Die gebruik van kunsmatige intelligensie, op welke wyse dit mag wees, is onder geen omstandighede toegelaat nie.

Inskrywingsvorm met voorwaardes is te vind op ons webblad: **gha@afrikaans.org.za**

TOLBOS SING IN AFRIKAANS “EENHONDERD JAAR”

Caroline en Renier van TOLBOS

Spits jou ore ... TOLBOS het talent en (sang)stemme om mee rekening te hou!

Voordat jy dink dis nog n wanne-be DUO wat die mark betree: Caroline is al meer as 20 jaar in die musiekbedryf en Renier meer as 10 jaar. Hulle skoolgelde is reeds betaal.

Caroline en Renier was slegs besig om hulself voor te berei vir die groot bedryf. ***Tolbos*** se musiek weergalm nie met sielswroeging nie. Dit is vol vreugde, dankbaarheid en soms ’n knerts nostalgie. Jy wil daarmee wakker word, want dit sal jou dadelik beter laat voel oor die lewe. :)

Dis asof jy hulle sonskynglimlag deur die musiek kan sien. Hierdie liefdevolle fondasie is die een vanwaar ***Tolbos*** ons hele toekoms benader. Met *Tolbos*-musiek wil hulle vreugde en geluk uitdra.

Tolbos se onwrikbare geloof is ’n sentrale anker - nie een om net te neem nie - gee hulle terug met ’n magdom gemeenskapsprojekte wat veral fokus op vroue en kinders.

Alhoewel Caroline reeds op DStv, DKNT, KYKnet en Jukeboks te sien was, en haar musiek dikwels oor die radio gespeel word op RSG, PretoriaFM, IFM, Rippel, Laeveld, Kragbron, Overvaal, Oosrand, Rosestad, Orange, Helderberg, Bosveld ens., is ***Tolbos*** nou op die rand van enorme sukses ...

Tolbos se passie, inspirasie en besielde sangstemme is ’n rariteit in ’n bedryf waar siellose doef-doef (sonder ’n warm hartklop) die maatstaf geword het.

Hulle persoonlikhede reflekteer en resoneer suiwer en klinkklaar op al die liedere wat hulle sing. Altwee van hulle, Renier en Caroline, dra hulle ruim hart onbeskaamd op hul mou. Om iemand teë te kom wat met soveel oorgawe, genot en opgewonde passie hulle loopbaan aanpak, is dikwels raar in ’n bedryf wat floreer op pessimisme en geligte wenkbroue.

Tolbos se fluweelstemme verdien applous en hul integriteit sal sorg dat hulle vlerke wyd gaan sprei. ***Tolbos*** se album wat musiekliefhebbers met sy hartstogtelike sjarme gaan betower se album is in 2023 vrygestel en beskikbaar. Geniet en luister met oorgawe.

Dr. Danie Langner, voorsitter van die FAK en erelid van die GHA, het ’n uitsonderlike rede gelewer oor die ontstaan van die GRA op 14 Augustus 1875 in die Paarl.

Dit was tydens die DANKDIENS wat op Sondag 4 Mei 2025 in die Krugerkerk, Pretoria aangebied is om dankie te sê vir die Bybel in Afrikaans. Lees meer hieroor in hierdie TOLBOS op p2.

Kom kuier lekker saam informeel in die

PIERNEEFTEATER

om 15:00 op Sondag 7 September 2025

S le Roux Marais

Oom Fanie se stories en liedjies

Micaela Mann

Michelle en Abi Booysen

Miné Smit

Coert Grobbelaar

aangebied deur die **GHA** om **AFRIKAANS** te vier!

Rina Francis (pianis)

Bespreek by Liezel Wienand: 0812 50 50 60
gha@afrikaans.org.za
Toegang: R120 volwassenes
R100 pensionarisse
R50 skoliere

Genootskap van Regte Afrikaners gestig op 14 Augustus 1875

Afrikaans kry Amptelike status in Suid-Afrika op 8 Mei 1925